



19 Januarie 2024

Uitgawe: 1/1/2024

UIT DIE KANTOOR

Dit is vir my aangenaam om elke Tjokkie-leerder en ouer terug te verwelkom na die vakansie. Dit is vir my net so lekker om al die nuwe Tjokkie-leerders en hul ouers by Tjokkies welkom te heet. Nie net is daar 128 splinternuwe Gr.1-gesiggies nie, maar ook nog 23 nuwe leerders in verskillende grade wat vanjaar Tjokkies hul tuiste maak. Ons is baie opgewonde oor elkeen van hierdie nuwe Tjokkie-maats en kan nie wag om te sien hoe julle gaan ontwikkel nie. Mag die Tjokkie-reis aan al u verwagtinge voldoen.

Ek vertrou dat almal 'n geseënde rustydperk geniet het en ook tyd gemaak het om u eie koppie te hervul. Ons wens u alle sterkte toe vir 2024 en sien uit daarna om nog 'n jaar suksesvol saam met u as Tjokkie-familie aan te pak.

Net die volgende belangrike sake om van kennis te neem. Saam met vandag se weekblad ontvang u kind ook vandag die volgende:

- Jaarbeplanner (tafelkalender). Personeelinligting verskyn agter. Op die laaste bladsy sal u ook belangrike inligting vind rakende watter persoon gekontak moet word as u enige navrae van enige aard het. Neem kennis van alle toepaslike aktiwiteite en skakel daarby in, as ondersteuning jeens u kind en Tjokkies.
- Buitemuurse rooster. Kontroleer asb. met u kind waar en wanneer wat plaasvind en by watter hek u hom of haar gaan oplaai.
- Krieket. Na gisteraand se vergadering glo ek die meeste ouers is ingelig rondom die jaar se beplanning en aktiwiteite. Die ligabepalings word ook aangeheg.
- 'n Skoolgeldbrief is ook in harde kopie vandag aan u kind uitgedeel. Daarop is 'n gedeelte wat u as ouer moet voltooi en terugstuur na u kind se registeronderwyser teen Vrydag, 26 Januarie.
- U ontvang ook briewe rakende die reëlings van die kleure-atletiek van volgende week asook briewe rakende swem by die skool.

SPESIALE ONDERWYSNUUSBRIEF (GENEEM UIT NUUSBRIEF VAN AFRI-FORUM)

Vanjaar is daar twee sake wat van groot belang op die onderwysterrein is.

Die eerste is die **beheerliggaamverkiesings** wat in Maart gaan plaasvind. Ons moedig ouers nou reeds aan om seker te maak dat hulle inligting by skole bygewerk is sodat hulle stemgeregtig sal wees. Verder moet hulle hulself verkiesbaar stel as hulle voel dat hul 'n bydrae kan lewer op hierdie terrein, of anders sorg dat hulle vir kandidate stem wat die skoolgemeenskap se belange op die hart sal dra.

Die tweede is die kontroversiële **Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (ook bekend as Bela)**. Ons is ernstig bekommerd oor die gedeeltes van die konsepwet wat handel oor die uitbreiding van regeringsmagte ten koste van beheerliggame, veral wat die finale besluitnemingsmag oor skole se taal- en toelatingsbeleid aanbetref.

Bela is reeds deur die parlementêre portefeuljekomitee vir basiese onderwys en die Nasionale Vergadering goedgekeur. Tans dien dit voor die Nasionale Raad van Provinsies. Die publiek het tot 31 Januarie 2024 tyd om kommentaar daarop in te dien. (Sien skakel aangeheg waarop u kan reageer) Die sperdatum was eers 19 Januarie, maar dit is nou uitgestel tot die einde van die maand.

Ons doen 'n beroep op almal wat belang by onderwys het (kinders, ouers, onderwysers, verteenwoordigers van skole en beheerliggame, ... ja, selfs enige lid van die publiek) om hierdie geleentheid te benut en kommentaar in te dien, al het hulle al by vorige geleenthede ook daarteen beswaar gemaak. Elke liggaam wat dit moet goedkeur, kyk opnuut na besware en volg nie op oor wat reeds gesê of geskryf is nie.

Besoek AfriForum se webblad www.stopbela.co.za vir meer inligting.

Ons bedank almal by voorbaat vir insette in hierdie verband.

AfriForum se onderwysspan

Oueraande - 23 Januarie & 25 Januarie

Neem asb. kennis dat beide die oueraande van Gr. 1-3 en die van RO-leerders op Dinsdag, 23 Januarie sal plaasvind soos op die kalender aangedui. Die Oueraand vir Gr. 4-7 sal op Donderdag, 25 Januarie plaasvind.

Die vergaderings sal soos volg plaasvind:

23 Januarie:

- | | |
|-------------|---|
| 17:30 | Gr.1-3 In skoolsaal waarna daar om 18:15 na klasse sal beweeg sal word. |
| 16:00-19:00 | Gr. 4-7 (Slegs RO-leerders se ouers. Kontak gerus die kantoor om 'n tyfgleuf te bespreek. |

25 Januarie:

- | | | |
|-------|---|---|
| 18:00 | - | Gr.4-7 In Skoolsaal waarna die grade soos volg verdeel: |
| | • | Gr. 4 - beweeg na die Ouditorium |
| | • | Gr. 5 - beweeg na kind se registerklas |
| | • | Gr. 6 - beweeg na kind se registerklas |
| | • | Gr. 7 - bly in die saal agter |

Kleure-atletiek

Op Woensdag, 24 Januarie vind ons kleure-atletiekbyeenkoms vir Gr. 2 - 7 by die Vrystaat Stadion plaas. 'n Geleentheid waarna ons almal uitsien. Let wel dat dit weer vanjaar by die Vrystaat Stadion gehou word en nie by Hoërskool Jim Fouché soos aanvanklik beplan is nie. Ons eie **Gr.1 atletiek vind op Donderdag, 25 Januarie by die skool plaas.** Die klasonderwysers sal die nodige inligting aan u versprei.

Leerders ontvang vandag die atletiek inligtingsbrief. Lees gerus die brief en vergewis u asb. van die program en tye wat u kind deelneem. Let daarop dat die program redelik lank is. Pak dus genoeg water en kos vir u kind in. Toeskouers kan van beide hekke by die stadion gebruik maak.

Tjokkie Gesinsdiens - 28 Januarie

Soos in die verlede, word elke ouer en kind hartlik genooi na ons Tjokkie gesinsdiens. Hierdie diens is oop vir almal, ongeag u denominasie. Dit is 'n oggenddiens en vind plaas vanuit die Geloofsentrum Universitas in Strausstraat (langs die Muddplein Sportgronde). Die diens begin om 9h00. Dit is interkerklik en 'n Tjokkie-aangeleentheid. Ons versoek dat die leerders asb. die diens in hulle skoolklere sal bywoon.

Musiek

Leerders wat belangstel om musiek te neem, kan Juf. Hanlie Dippenaar by die musiekdepartement kontak by 079 884 3620. Musiek word in die volgende instrumente by Tjokkies aangebied: klawerbord, klavier, blokfluit en kitaar. Hierdie lesse word deur uiters bekwame personeel aangebied en hulle het reeds baie jare ondervinding.


Leerders in Gr.1 asook ander of nuwe leerders wat belangstel, kan 'n brief by ontvangs kom afhaal. Briewe sal wel aan al die Gr.1-leerders uitgedeel word.

Indien u kind verlede jaar musiek gehad het en nie vanjaar voortgaan met musiekonderrig nie, moet u asb. u onderwyseres onmiddellik in kennis stel sodat die rooster verander kan word. Musieklesse sal binnekort volstoom aan die gang wees.

BELANGRIKE DATUMS

- 19 Jan.: Aansoeke vir korting open.
Voortrekker offisieropleiding.
Leerderraad Ken-mekaar-braai
- 20 Jan.: Skool verjaarsdag (54 jaar)
- 23 Jan.: Gr.1-3 Oueraand (17:30 in saal)
Gr. 4-7 RO-oueraand op afspraak
- 24 Jan.: Kleure Atletiek (Gr. 2-7) Stadion
Tjokkies Pre-Primêre Oueraand
- 25 Jan.: Gr.1 Atletiek (skool)
Gr. 1-3 RO-oueraand op afspraak

VERJAARSDAE



Die volgende personeel verjaar in Januarie:

1 Jan.:	Mnr. Jeanré Coetzee (ASS)
2 Jan.:	Juf. Lené Swart (ASS)
4 Jan.:	Juf. Mianca Opperman (Gr. 5)
17 Jan.:	Juf. Hanlie Dippenaar (Musiek)
18 Jan.:	Mnr. Jannie Oosthuizen (Gr. 7)
26 Jan.:	Juf. Marietjie Barkhuizen (Gr. 1)

ANDER

Personeelnuus:

Ons verwelkom die volgende nuwe onderwysers by Tjokkies vanjaar:

- Mev. Valmari Coetzee (Gr. 4) in die plek van juf. Linda Vermaak.
- Me. Caitlyn Loudon (aflos by Gr. 6) in die plek van juf. Leonie Corbett wat hierdie kwartaal moet gaan vir mediese behandeling.
- Mnr. Jan-Hendrik Basson (ASS) in die plek van mnr. Janco Strydom.
- Mnr. Jeanré Coetzee (ASS) in die plek van mnr. Sherwin Carelse.

By die Nasorgsentrum het Me. Carla Alberts en mnr. Adriaan Harms aangesluit as nuwe personeel.

By Tjokkies Pre-Primêr verwelkom ons:

- Juf. Christelle Swart (Gr. RR)
- Juf. Miah Haasbroek (ASS)
- Marinda de Wet (ASS)
- Anneke Niemand (ASS)

Mnr. Jannie Oosthuizen tree af aan die einde van die eerste kwartaal na amper 40 jaar in die onderwys. Sy plaasvervanger sal later bekend gemaak word.

Baie geluk aan Juf. Geraldine wat die afgelope vakansie getrou het. Sy sal voortaan as mev. Finlay bekend staan. Baie geluk aan die volgende personeel wat gedurende die vakansie verloof geraak het:

- Juf. Carli Wessels (Gr. 2)
- Juf. Nicole Stötter (Sotho)
- Juf. Retha van der Merwe (Musiek)

REDENAARS



GR.4-7 
REDENAARS:
OPLEIDING

Kom leer:

- hoe om jou vrees om voor mense te praat, te oorwin.
- hoekom redenaars?
- hoe skryf ek 'n toespraak.
- hoe om met die beoordelaars en gehoor te kommunikeer.
- en nog oulike wenke!

Aangebied deur:
JOMARE BOTHA

 14:00 - 15:00

 2 Februarie 2024

 Tjokkies se auditorium

SIEN JOU DAAR! ENIGE IEMAND IS WELKOM.



REDENAARS

Alle huidige en voornemende sprekers word uitgenooi om ons opleidingsessie by te woon. Ouers is ook welkom om by te woon. Loer na die advertensie vir meer inligting.

 Juf. Elzanne 082 455 3404

UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Tjokkies - ROLBAL

Hou die datum oop:

Saterdag, 2 Maart 2024

10:00 - 15:30

R1200.00 per span

Pret vir die kinders gereël

Bespreek solank jou span by

bemarker@tjokkies.co.za

SNUFFELS

Kuns vir die lekker

Kunsklasse begin Dinsdag, 23 Januarie 2024. Kontak juf. Elsabe by 072 674 6897.

KAALVOETKAFEE



Kaalvoet
Kafee

Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):
082 612 7756

E-posadres: kaalvoetkafee@tjokkies.co.za

Welkom al ons Tjokkies! Om die jaar van 2024 in te lyf, het ons nou draairoomys (in 'n koppie) beskikbaar in drie geure (vanilla, aarbei en sjokolade). Ons stel dan ook bekend die Slushie Float! Hier is ook 'n paar nuwe items en almal is welkom om te kom kyk en koop. 'n Groot verskeidenheid sjokolades is weer terug op die rakke. Ons nooi die nuwe ouers / kinders vriendelik om met ons te skakel vir meer inligting oor die Kaalvoetkafee se koopkaartstelsel waar jy sommer uit die gerief van jou huis inkopies kan doen.

SLEGS OP BESTELLING: Die Kaalvoetkafee stel graag die Mochachos Junior Burger bekend vir ons Kaalvoetkafee. Hierdie Lemon, Herb, Kaas en Mochacho's sousies biefburger is liplekker en kan bestel word by die Kaalvoetkafee vir die kinders. Mochachos lewer daaglik vir langpouse of na skool vars voorbereide burgers om aan te smul. Julle kan ook op ons aanlyndiens hierdie burger bestel.

Kaalvoetkafee-groete!

#TJOKKIESHOP

Die winkel is oop tydens die volgende tye:

Vrydag, 19 Januarie: 12h30 - 14h00

Maandag, 22 Januarie: 12h30 - 14h00

Vrydag, 26 Januarie: 12h30 - 14h00